# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## UIT DIE HOOF SE KANTOOR:

### WELKOM TERUG AAN AL DIE RYNIES EN PERSONEEL!

*Mnr.Wally Janse van Rensburg*



Ons hoop al die Rynies en personeel is uitgerus en vol entoesiasme vir die propvol nuwe kwartaal vol opwinding en harde werk.Veral op buitemuurse gebied gaan dit ‘n baie besige kwartaal wees met verskeie kultuur en sportaktiwiteite waarna ons kan uitsien. Op akademiese gebied gaan die Rynies egter ook hard moet werk aangesien hierdie kwartaal na hierdie week slegs uit 8 volle weke bestaan. Skole sluit weer ***op Woensdag 23 September 2026 vir die volgende vakansie.***




Die Gr 4-7 leerders skryf hierdie kwartaal weer ***geskeduleerde toetse***. Sien die ***kwartaalprogram*** elders in die nuusbrief vir die toetsdatums en ander belangrike datums vir die kwartaal. Beplan saam met u kind/ers en begin vroegtydig voorberei vir toetse veral in die lig van die besige buitemuurse program. Let daarop dat indien daar nie ‘n toets geskeduleer is vir ‘n vak nie die leerders volgens voorskrif, projekte doen in daardie vakke vir die rapportpunt. ***Projekte en take*** is dus uiters belangrik in sekere vakke en ons doen ‘n beroep op ouers om toe te sien dat leerders hierdie opdragte betyds inhandig en behoorlik doen.



# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

Gedurende die vakansie het ons baie geslaagde hokkietoere meegemaak na Bloemfontein terwyl die ***Cheerleaders*** uitstekend gevaar het by die ***FDDCMSA Nasionale kampioenskappe***.



Behalwe dat hulle eerste was in die Co-ed Level 1 en Performance cheer was hulle ook aangewys as die Algehele Performance cheer grand champions wat die hoërskole insluit. Ons is baie trots op ons cheerleaders wat die Rynies se naam hoog gehou het.

Ons sien hierdie kwartaal ook uit na die ***Rynies Got Talent (RGT)*** kompetisie wat plaasvind op ***26-28 Augustus 2026***. In die verlede was hierdie baie vermaaklike en geslaagde aande. Moet dit dus nie misloop nie!





**Ons wens al die Rynies en personeel sterkte toe vir die kwartaal en vertrou dat dit 'n baie suksesvolle kwartaal gaan wees op alle gebiede!!**

# RYNIENUUS




## LAERSKOOL RYNFIELD

## KWARTAALPROGRAM

### LAERSKOOL RYNFIELD
### 2026 – KWARTAAL 3

| JULIE | |
|---|---|
| 20 Maandag | RGT oefening |
| 23 Donderdag | Debat Rondte 1 |
| 23-25 | Netbal SA's Middelburg |
| 24 Vrydag | Debat Rondte 2 |
| 25 Saterdag | Redenaars Prestige Skolereeks<br>Interskole Public Speaking |
| 27 Maandag | Oueraand Gr 1-7 (op uitnodiging) 17:00-19:00<br>Tennis Liga wedstryd |
| 29 Woensdag | Mini-krieket vs Rynfield Primary (tuis) |
| 30 Donderdag | Hokkie Dogters vs Westwood (weg) |
| 31 Vrydag | Koorfees NG Gemeente<br>Kleuterskool: Koekverkoping |
| **AUGUSTUS** | |
| 3 Maandag | Landloop Liga 1<br>Tennis Liga wedstryd |
| 4 Dinsdag | Krieket 0/9 vs RPS (tuis)<br>Krieket 0/11 vs RPS (weg) |
| 5 Woensdag | Voorkomsinspeksie Gr 1-3<br>Mini-hokkie vs Farrarmere (weg)<br>Krieket 0/10 vs RPS (weg)<br>Krieket 2de span vs RPS (tuis) |
| 6 Donderdag | Mini-krieket vs Verkenner (weg)<br>Krieket 1ste span vs RPS (Hans Moore)<br>Hokkie Dogters vs Bredell (tuis) |
| 7 Vrydag | Gr 7 Uitstappie @ Wolwespruit<br>Kleuterskool: Trek aan - Eendag as ek groot is |
| 9 Sondag | Vrouedag |
| 10 Maandag | Skole vakansiedag |
| 11-17 | Dell'Arte Solosang |
| 11 Dinsdag | Landloop Liga 2<br>Hokkie Seuns vs Impala (tuis) |
| 12 Woensdag | Mini-krieket vs L/S Northmead (weg)<br>Krieket 0/11 vs Kwa Thema (weg) |
| 13 Donderdag | **Toetsreeks: Wisk Gr 7**<br>Mini-hokkie vs Northmead (tuis)<br>Hokkie Dogters vs Noorderlig (tuis)<br>Krieket 1ste span vs Kwa Thema (Hans Moore) |
| 14-15 | Skaak: Distrik Individuele Kampioenskappe by Benoni High |
| 14 Vrydag | Dell'Arte Koorfees by L/S Rynfield |
| 17 Maandag | Landloop Greater Benoni @ Pinnacle<br>Tennis Liga wedstryd<br>Krieket 0/13 Benoni proewe |
| 18 Dinsdag | **Toetsreeks: Wisk Gr 4-6; SW (Geo) Gr 7**<br>Krieket 0/10 vs VRP (tuis)<br>Krieket 0/11 vs VRP (weg)<br>Mini-hokkie vs Bredell (weg) |
| 19 Woensdag | Krieket 0/9 vs VRP (weg) |
| 20 Donderdag | **Toetsreeks: SW (Geo) Gr 4+6; Afr Gr 7**<br>Mini-hokkie vs Van Dyk (weg)<br>Krieket 2de span vs VRP (tuis)<br>Krieket 1ste span vs VRP (weg)<br>Kleuterskool: Plaasdiere instappie<br>Hokkie Dogters vs Summerfields (tuis) |
| 21 Vrydag | **Toetsreeks: Eng Gr 7**<br>Tennis Oranjebaltoernooi @ GETA<br>Science Fair voorlegging |
| 22 Saterdag | Landloop Noordvaal @ H/S Eldoraigne<br>Prestige skaak Magalieskruin |
| 23 Sondag | Rynies Got Talent – Kleedrepetisie |
| 24 Maandag | Tennis Liga wedstryd<br>Krieket 0/12 Benoni proewe |
| 24-25 | **Formele Assessering Afr Gr 1-3** |
| 25 Dinsdag | **Toetsreeks: SW (Gesk) Gr 4+5+7**<br>Mini-hokkie vs Concordia (weg)<br>Krieket 0/9 + 0/11 vs Pres Steyn (weg)<br>Krieket 0/10 vs Pres Steyn (tuis)<br>Hokkie Dogters vs Northmead (weg) |
| 26 Woensdag | Laaste dag vir inhandiging van formele take<br>Hokkie Dogters vs Rynfield Primary (tuis)<br>Rynies Got Talent – Optrede<br>Mini-hokkie vs Rynfield Primary (weg)<br>Krieket 1ste span vs Pres Steyn (weg)<br>Krieket 2de span vs Pres Steyn (tuis)<br>Landloop D17 |
| 26-27 | **Formele Assessering Eng Gr 1-3** |
| 27-29 | Debat Semifinaal |
| 27 Donderdag | **Toetsreeks: NW/Teg Gr 4-6; NW Gr 7**<br>Rynies Got Talent – Optrede<br>Kleuterskool: Plaasdiere instappie<br>Mini-krieket vs Summerfields (tuis)<br>Hokkie Seuns vs Volkskool (tuis) |
| 28 Vrydag | Entrepreneursdag<br>Rynies Got Talent – Kompetisie aand |
| 31 Maandag | Tennis Liga wedstryd<br>Krieket 0/11 Benoni proewe |
| 31 Aug – 1 Sept | **Formele Assessering Wisk Gr 1-3** |
| **SEPTEMBER** | |
| 1 Dinsdag | Kleuterskool: Dra 'n lentehoed<br>Krieket vs Northmead 0/10 (tuis)<br>Krieket vs Northmead 0/11 (weg) |
| 2 Woensdag | Mini-hokkie vs Westwood (tuis)<br>Mini-krieket vs Ashton (weg)<br>Krieket 2de span vs Northmead (tuis)<br>Krieket 0/9 vs Northmead (weg)<br>Hokkie Dogters vs Farrarmere (tuis)<br>**Formele Assesering LV Gr 1-3** |
| 3 Donderdag | Krieket 1ste span vs Northmead (Brandwag) |
| 3-4 | Science Fair uitstalle |
| 4 Vrydag | Dell'Arte Spreekkore |
| 7-9 | Benoni Eisteddfod Kore |
| 7 Maandag | Gr 1-3 Boeke gaan huis toe om te spog<br>Krieket 0/10 vs Leuwenhoff (tuis)<br>Krieket 0/11 vs Leuwenhoff (weg) |
| 8 Dinsdag | Internasionale Geletterheidsdag<br>Benoni Eisteddfod Junior Koor |
| 9 Woensdag | Hokkie Seuns vs Woodlands (tuis)<br>Mini-krieket vs Farrarmere (weg)<br>Krieket 1ste span vs Leeuwenhoff (weg)<br>Krieket 2de span vs Leeuwenhoff (tuis) |
| 10 Donderdag | Hokkie Dogters vs Brentwood (weg)<br>Mini-hokkie vs Brentwood (tuis)<br>Benoni Eisteddfod Senior Koor<br>Krieket 0/9 vs Leeuwenhoff (weg) |
| 11 Vrydag | Gr 4-7 Leiers Hop |
| 14-18 | Hokkie Dogters en Seuns uitspele |
| 15 Dinsdag | Mini-krieket vs Woodlands (tuis) |
| 17-18 | Sportfoto's |
| 18 Vrydag | Kleuterskool: Gr R - Markdag |
| 19 Saterdag | Interskole Nasionaal by WITS |
| 21 Maandag | Hokkie Dogters 0/11 Proewe |
| 22 Dinsdag | Hokkie Dogters 0/12 Proewe |
| 23 Woensdag | **Skool sluit** |
| 23-24 | Debat finaal - Kaap |
| 2-4 Oktober | Hengel SA's (Champ of champs) |

**Notas toetsreeks: Indien geen toets geskeduleer is nie, word 'n projek volgens Departementele voorskrifte gedoen (Gr 4-7)**

** ***Program is onderhewig aan verandering***

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## CHEERLEADING UITSLAE



# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## NETBAL












# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## LANDLOOP



# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## SKAAK

Skaakoefentye is normaal vir die seniors, **Dinsdae en Donderdae 14:00 tot 15:00**.

Ons het ‘n groot toernooi die 22ste Augustus in Pretoria. ‘n Span sal gekies word om die Rynies te verteenwoordig.

Meer inligting volg later.





# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## TENNIS

Dankie aan al die junior en senior tennisspelers wat so pligsgetrou in die vakansie geoefen het.

Baie sterkte vir die tennisliga wat Maandag die 27ste Julie 2026 begin. Ons weet julle sal Rynfield se naam hoog hou.













# RYNIENUUS

## LAERSKOOL RYNFIELD

**Welkom terug aan al ons kultuurmaats!**
**Ons sien uit na nog ‘n aksiebelaaide kwartaal 3.**

### THE INTERSCHOOL PUBLIC SPEAKING LEAGUE

Aan al ons maats en spanne wat Saterdag by Laerskool Concordia deelneem: alle sterkte! Ons is baie trots op julle. Al die maande se oefening sal uiteindelik vrugte afwerp.

### PRESTASIE EN PRYSUITDELING

Ons herinner net weer ons ouers aan die versoek. Alle kultuur leeders se ouers moet asseblief ’n sakkie of lêer by die huis saamstel met afskrifte van u kind se sertifikate/uitslae. Hou alles netjies bymekaar en volg die nuusbrief gereeld. U sal binnekort versoek word om dit in te handig.

### PRESTIGE REDENAARS TOERNOOI

Ons sien uit na Saterdag se Prestige Skolereeks Redenaarstoernooi. Sterkte aan al ons redenaars. Ons is bewus dat sommige van ons leerders ook aan Interskole deelneem, en versoek daarom dat ouers asseblief mooi na hul kind se tye kyk. By Prestige sal ons leerders akkommodeer wat nog moet gaan deelneem.Ons vra ook om verskoning indien leerders nie op die program verskyn het nie, daar was ‘n tegniese probleem met die vorm. Dankie aan al ons ouers wat so vinnig laat weet het. Ons glo die program is nou korrek aangepas. Sterkte aan al ons maats.

### KOOR

Kwartaal 2 was propvol ongelooflike koorfeeste en optredes. Dankie aan al ons ouers en koorlede. Ons herinner al ons Junior- en Seniorkoorlede aan die koorfees optrede die 31ste Julie by GK Gemeente.

### SPREEKKORE

Ons begin volgende week volstoom oefen. Die week fokus ons net eers op ons Redenaarmaats. Onthou ons oefen in die saal. Dinsdae 7am Gr.6 + 7 en Donderdae 7am Gr.4 + 5. Hier is ons tye vir Dell’Arte:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| L/S Rynfield | SPREEKKOOR Gedramatiseerd (Gr1-3) | 4-Sep | 14:30-15:45 | L/S Concordia |
| L/S Rynfield | SPREEKKOOR Gedramatiseerd (Gr 4-5) | 4-Sep | 17:00-18:00 | L/S Concordia |
| L/S Rynfield | SPREEKKOOR Gedramatiseerd (Gr 6-7) | 4-Sep | 18:15-19:45 | L/S Concordia |

*Kultuurgroete,*
*Juf. Coffey*

Stuur gerus enige navrae na kultuurhoof@rynfieldlaer.co.za

NUUSBRIEF 24 VAN 2026

*23 JULIE 2026*

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## DEBAT

Baie sterkte aan ons vier debatspanne wat **Vrydag 24 Julie** aan die eerste rondte by Hoërskool Eldoraigne gaan deelneem. Ons weet julle gaan ‘n hond uit ‘n bos uit debatteer.



## KOSKAS

Baie dankie vir u deurlopende ondersteuning. Die koskas is binnekort silwerskoon en netjies! Ons wil graag ons ouers versoek om Woolworths-sakke te stuur vir die verpakking van items. Indien u kan, ondersteun ons asseblief met die volgende items:



# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD









# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD



# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD



RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

# SNOEPIE SPYSKAART

| | |
|---|---|
| Maandag, 27 Julie | Pasteie |
| Dinsdag, 28 Julie | Streetwise 2 |
| Woensdag, 29 Julie | Toasted dagwood burger |
| Donderdag, 30 Julie | Slap chips + russian |
| Vrydag, 31 Julie | Footlong |

# NASKOOL

## LAERSKOOL RYNFIELD

### WELKOM!
Welkom terug aan alle naskoolleerders! Ons sien uit na ‘n heerlike kwartaal. Gee jou beste hierdie kwartaal!

### VAKANSIE
Die vakansie was vet pret by die naskool. Leerders het heerlike aktiwiteite gedoen en speletjies gespeel. Van bak-en-brou saam met Tannie Annie en Tannie Melané, aerobiese oefeninge vroegoggend, dans, vingerbord, “swing-ball”, toutrek, kuns aktiwiteite, tot fietsry op die veld (om net ‘n paar te noem) saam met geesdriftige personeel. Boonop is leerders daagliks met heerlike etes bederf. Ek wil in besonder dankie sê aan elke naskoolpersoneellid wat met kreatiewe idees vorendag gekom het om die vakansie vir die leerders spesiaal te maak.












### FINANSIES
State is gedurende die vakansie reeds uitgestuur. Dankie dat u, u rekening op datum hou.

### BUITEMUURSE AKTIWITEITE
Nuwe kwartaal, nuwe aktiwiteite. Maak asseblief seker naskoolpersoneel is bewus van u kind/ers se aktiwiteite en die dae + tye wat hulle dit moet bywoon.

### NASKOOL SPYSKAART

| DATUM | ETE | 15:30 - 15:45 |
|---|---|---|
| Maandag, 27 Julie | Macaroni & kaas | Vrug & sap |
| Dinsdag, 28 Julie | Tunabroodjies + slaai | Vrug & sap |
| Woensdag, 29 Julie | "Chicken-a-la-king” | Vrug & sap |
| Donderdag, 30 Julie | Kouevleis & slaai met rolletjie | Vrug & sap |
| Vrydag, 31 Julie | Rolletjie met “simba chips” | Vrug & sap |

NUUSBRIEF 24 VAN 2026

*23 JULIE 2026*

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## RYNIES GEE OM!!! 3DE KWARTAAL LEIERPROJEK

## IN SAMEWERKING MET DIE GEREFORMEERDE KERK BENONI



# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD



# KLEUTERSKOOL

LAERSKOOL RYNFIELD

## PRESTASIE:

Baie geluk aan **Declan Berowsky** (Gr. 00) wat ’n fantastiese oorwinning in die Rokcup Go-Kart-ren behaal het!

Om hierdie mylpaal nog meer besonders te maak, is hy uitgenooi om in September in Spanje te gaan meeding. Ons is ongelooflik trots op hom. Sterkte met al die voorbereidings vir Spanje, Declan!









# KLEUTERSKOOL

LAERSKOOL RYNFIELD



# TEN SLOTTE

LAERSKOOL RYNFIELD




**W JANSE VAN RENSBURG**

**SKOOLHOOF**

# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD

